

ERFOPVOLGING VIR 'N BOERDERY

DEUR


DR PHILIP THEUNISSEN

DIE FAMILIE SE EMOSIES EN BEHOEFTE

Die familie se emosies en persoonlike behoeftes speel 'n belangrike rol by erfopvolging. Dit beteken dat die samewerking van al die familieledede gevolglik 'n belangrike aspek van 'n goeie erfopvolgingsplan is. Dit is die familieledede wat uiteindelik die plan moet implementeer en wat tevrede met die uitkoms daarvan moet wees. Die effektiwiteit van die erfopvolgingsplan uit 'n besigheids- sowel as 'n familieperspektief, hang dus af van mense se bereidwilligheid om in 'n unieke situasie saam te werk.

Die proses

Dit is raadsaam om familiesake en besigheidsbesluite in die normale loop van boerdery-eaktiwiteite te skei. Emosies moet nie die oorhand in besigheidsbesluite kry nie maar in erfopvolging is dit uitsonderlik moeilik om die twee aangeleenthede van mekaar te skei. Dit kan selfs kontrasterend wees om dit in hierdie verband afsonderlik aan te spreek want erfopvolging is juis 'n aktiwiteit wat die familie en die boerdery baie sterk na mekaar aantrek. Om dit te verstaan moet die boer en sy familie die oorvleueling en verweefdheid van elke stelsel binne mekaar kan erken wat skematies met twee sirkels voorgestel kan word.



Effektiewe erfopvolging moet nou verweef wees met die behoeftes van die boerdery en ook dié van die familie. Die moeilikste aspek van hierdie verweefdheid is die konflik wat daardeur veroorsaak word. Die rede hiervoor is dat onversoembare elemente opponerende kragte op mekaar uitoefen. Hierdie

oversoenbaarheid kan tussen die familie en die boerdery se behoeftes ontstaan, tussen kulturele en persoonlike waardes, tussen familieledede onderling, tussen ideale en praktiese moontlikhede, ens.

Konflik is ook 'n inherente gevolg van die verandering in lewensfases van die familieledede wat by die erfopvolging betrokke is. Die ouer familieledede is in die proses van aftrede terwyl die jonger geslag die verantwoordelikheid van die boerdery moet oorneem. By erfopvolging moet verskeie familieledede wat oor meer as een generasie versprei is die uitdaging te bowe kom om gelyktydig deur verskillende oorgange te beweeg. As die betrokke partye hierdie proses verstaan, kan die erfopvolging baie effektief uitgevoer word.

Die uitdaging

Tydens enige persoon se normale lewe moet hy deur verskeie lewensverandering beweeg. Een fase van lewe word beëindig terwyl 'n nuwe fase betree word. Vanaf geboorte word die voorskoolse lewe eers vir laerskool verruil, dan vir hoërskool, moontlik dan vir tersiêre onderrig, die eerste tree in 'n werksomgewing, getroude lewe, ouerskap, grootouerskap.

Elke fases word gewoonlik deur 'n besliste begin en einde begrens en baie samelewings het spesifieke seremonies om hierdie lewensverandering te herdenk: doop, matriekafskeide, troues, ens, wat verdere betekenis aan sulke verandering gee. Sekere seremonies, soos ontgroening, help selfs om die aanvanklike deel van die oorgang vinniger te laat plaasvind. Hoe ouer 'n mens egter word, hoe minder is die gemeenskap se ondersteuning vir sulke verandering sodat daar by die laaste fase van "pensioenaris" of "senior burger" dan geen seremonie meer is nie. Die afgetredende word aan sy eie lot oorgelaat om hierdie verandering te bemeester. By erfopvolging is dit dus belangrik dat elke familielid die verandering wat daardeur veroorsaak gaan word, deeglik moet besef.

Verandering vir die ouer geslag

Aftrede verskil van die voorafgaande lewensfases. Die oorgang vanaf die steeds werkende fase net voor aftrede het 'n baie ingrypende einde terwyl die begin van die afgetrede fase maar bra flou is. Elkeen van die voorafgaande fases het 'n nuwe opwindende vooruitsig. Die skoolverlater sien uit na 'n nuwe werk, die ongetroudes sien uit na 'n huweliksluwe, die ouerloses sien uit na kinders maar wat is daar nou as sodanig om na uit te sien by aftrede? Die hoogtepunt van hierdie fase is afsterwe!

Saam hiermee is aftrede ook in wese 'n proses van ontmagtiging. Die afgetredende verloor beheer oor sy vermoë om inkomste deur middel van sy arbeid te genereer, hy verloor sy vermoë om sukses te bereik, hy gaan nie meer nuwe vaardighede bemeester nie, sy gesondheid begin hom pla en moontlik verloor hy dalk nog sy verstandelike vermoëns ook. Die respek, gesag en selfbeeld wat saam met sy boerdery gekom het is belangrike verliese by aftrede. Werk gee sin aan die lewe en om dit op te gee kan 'n skrikwekkende gedagte wees.

Om af te tree gaan dus gepaard met die afstanddoening van belangrike aspekte van 'n mens se lewe en die onbekende pad van die afgetredende wat uiteindelik tot die dood gaan lei is nie altyd so 'n aanloklike vooruitsig nie. Die onvermoë om hierdie uitdagings in 'n erfopvolgingsplan aan te spreek sal dus tot persoonlike weerstand deur die ouer geslag lei om die plan uiteindelik te implementeer.

Verandering vir die jonger geslag

Die ouer geslag het die geleentheid gehad om die boerdery oor 'n lang tydsverloop rondom hul eie sterkpunte en eie behoeftes te ontwikkel. Hulle het met tyd geleer om die boerdery gemaklik te bestuur en om die probleemareas binne die boerdery uit te skakel. Die jonger geslag moet nou hierdie boerdery

oornem wat nie noodwendig met hulle sterkpunte en behoeftes ooreenstem nie. Erfopvolging moet dus hierdie aspekte van die jonger geslag ook aanspreek.

Die erfopvolging moet met 'n oorgangsfase gepaard gaan wat met omsigtigheid beplan moet word. Te veel inmenging deur die ouer geslag kan deur die jonger geslag gesien word as 'n gebrek aan vertrou. Te min inmenging kan weer as onbetrokkenheid gesien word.

Die manier waarop die jonger geslag die ouer geslag hanteer is ewe belangrik. Daar moet 'n goeie balans tussen die voortvarendheid van die jeug en die wysheid van die ouers wees. Hierdie oorgangsfase moet dus duidelik tussen die ouer en die jonger geslag uitgeklaar word wanneer die erfopvolgingsplan opgestel word.

In die volgende uitgawe: 'n Werkbare familiesisteem.

BETHLEHEM
Februarie 2003